Suiwelbedryf kry nuwe statutêre maatreëls

deur Karien Slabbert

Nuwe statutêre maatreëls om die suiwelbedryf te ontwikkel en suiwelverbruikers se belange te bevorder, is op 23 Desember 2005 deur die Minister van Landbou en Grondsake, Thoko Didiza, in die Staatskoerant afgekondig. Dié maatreëls sal tot einde 2009 van krag wees en sal deur Melk SA geadministreer word.

Hierdie aksies vorm deel van 'n geïntegreerde inisiatief om die suiwelbedryf se prestasie te verbeter, die belange van die verbruiker behoorlik te dien en om die nasionale doelwitte rakende ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling na te streef.

"Die nuwe maatreëls is op versoek van die Suid-Afrikaanse Melkprosesseerdersorganisasie (Sampro) ingestel en fokus spesifiek op melkkopers, produsent-distribueerders en invoerders. Die grondslag van die aansoek is dat bepaalde gedefinieerde aksies vir die ontwikkeling van die bedryf, asook om suiwelverbruikers te dien, nodig is," sê Alwyn Kraamwinkel, hoof uitvoerende beampte van Sampro. Die aansoek is onder meer deur die Melkprodusente-organisasie (MPO), Melk SA en die Nasionale Verbruikersunie ondersteun.

Die doelwit van die heffing is om die bedryf vir alle rolspelers te verbeter. Kraamwinkel hoop dat die reklame wat uit die statutêre skema spruit, mettertyd sal vermeerder om uiteindelik in lyn met groter reklame-agentskappe te wees.

Administrasie

"Melk SA word statutêr verplig om die drie regulasies te administreer, sodat die doelstellings ten beste bereik kan word," sê Nico Fouché, organiseerder van Melk SA. Die kundigheid vir die uitvoering van die statutêre projekte lê grotendeels binne die kader van die MPO, Sampro en die Dairy Standard Agency (DSA).

"Dit moet egter duidelik gestel word dat

OFFERING YOU MORE PREMIUM

POSSIB

Premium positioning in the dairy, juice and liquid food markets is about finding a strategic, innovative partner, who is deeply focused on your market segment, and who offers you the finest, most cost effective packaging solutions. After all, premium positioning is about reflecting superior quality. It's about delivering original, attractive products that are functional for

Melk SA spesifieke funksies op grond van deeglike projekvoorleggings finansier, wat met die betrokke regulasies korrespondeer. Melk SA finansier dus nie enige van genoemde organisasies nie, maar wel projekte waarvoor daar behoorlike verslagdoening vereis word," sê Fouché.

Registrasie

"Regulasie R1221 verplig rolspelers in die sekondêre bedryf om by Melk SA te registreer. Die registrasie het onder meer ten doel om persone wat aanspreeklik mag wees vir die betaling van statutêre heffings en die indiening van opgawes te identifiseer," sê Fouché. Die volgende persone moet wél by Melk SA registreer en die heffings betaal:

- Melkkopers (uitsluitend kleinhandelaars) wat melk by melkprodusente aankoop om dit net so te verkoop, na verwerking as melk te verkoop, of om dit te gebruik om ander produkte te vervaardig
- Invoerders van melk en ander suiwelprodukte (wat onder doeanetarief-fopskrifte 04.01-4.06 klassifiseerbaar is), met die doel om dit net so te verkoop of om ander produkte daarmee te vervaardig en te verkoop
- Melkprodusente wat melk aan kleinhandelaars of verbruikers verkoop of dit gebruik om ander produkte te vervaardig.

Aantekeninge en opgawes

Volgens Fouché gaan die inligting wat deur Regulasie R1219 bekom word, markseine vir rolspelers in die bedryf sigbaar maak. Persone wat deur die regulasie verplig word om te registreer, moet rekord hou van die hoeveelheid melk (in kg) wat hulle per maand aankoop, die hoeveelheid melk (in kg) wat hulle per maand gebruik om gekonsentreerde suiwelprodukte te vervaardig, asook die hoeveelheid melk per maand wat vir ander doeleindes gebruik word as die vervaardiging van gekonsentreerde suiwelprodukte.

Elk van die betrokke rolspelers moet binne 15 dae na afloop van elke maand 'n voltooide opgawevorm aan Melk SA verskaf.

Heffings

Kraamwinkel sê dat die inkomste wat uit Regulasie R1220-heffings ontstaan, vir die volgende vyf generiese funksies aangewend gaan word:

- Verbruikersopvoeding
- Verbetering van melk- en suiwelprodukgehalte
- Bemagtiging van voorheen benadeelde invididue

Morning Milk

Môrestond het **goud** in die mond!

Vir puik diens en

topgehalte produkte –

Vars melk, room, amazi, karringmelk, botter,
Cheddar, Gouda, Feta, Mozzarella, joghurt,
vrugtesappe, -mengsels en -nektars.

George

Tel 044 878 1419 • Faks 044 878 1610

E-pos mmilk@morningmilk.co.za

- Navorsing en ontwikkeling
- Bedryfsinligting.

'n Maksimum van 10% van die heffingsinkomste mag vir administratiewe doeleindes aangewend word.

Heffingsbedrae

Die heffing op melk is 1c/kg. Alle ingevoerde suiwelprodukte is ook onderworpe aan heffings. Die verskillende tipes ingevoerde produkte is aan verskillende heffingsvlakke onderworpe (die heffing op ingevoerde kaas is byvoorbeeld 14,4c/kg en op melkpoeier 9,6c/kg).

"Die nuwe maatreëls is op versoek van die Suid-Afrikaanse Melkprosesseerdersorganisasie (Sampro) ingestel en fokus spesifiek op melkkopers, produsent-distribueerders en invoerders"

Stelsels

"Melk SA het prosedure- en beleidsreëls neergelê om die administrasie van die maatreëls suksesvol te laat verloop. Hulle steun op advieskomitees vir die generiese funksies – veral vir projekaansoeke en die vordering daarmee, moontlike aanpassings en gereelde funksionele en finansiële verslagdoening," sê Fouché.

Melk SA se bestuurs- en beplanningskomitee bestaan uit Melk SA se voorsitter en ondervoorsitter, en die hoofde van Sampro, MPO en Melk SA. Die komitee is verantwoordelik vir strategiese- en bestuursbeplanning en vervul ook 'n koördinerende en toesighoudende rol met betrekking tot die funksies van advieskomitees.

PricewaterhouseCoopers is as rekenmeesters aangestel. Die ouditeur-generaal sal ook jaarlikse oudits onderneem. Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) vereis kwartaallikse verslae van Melk SA ten opsigte van die sukses met registrasie en heffingsvordering, aanwending van die fondse en of die regulasies se doelwitte bereik word. **M&JR**

DAIRY CHERET CC

Reg no 2005/071009/23

What are fermented dairy products?

Are they an old-fashioned way of preserving milk or a combination of art and science?

Yes, making fermented dairy products is definitely a method that was discovered a very long time ago and which today is practiced in a scientific way.

Let us teach you the correct way to make these products on one of our practical manufacturing courses:

THREE-DAY CHEESE MANUFACTURING COURSE
TWO-DAY YOGHURT MANUFACTURING COURSE

Hans Keller is our consultant. He does all the trouble-shooting and is able to come out to the factories that are experiencing any problems.

DAIRY CHERET is also sole supplier of DANISCO PRODUCTS

We supply some of the best known cultures in the industry, namely the RAO range and our YOMIX range for Yoghurt is tops.

Other products also supplied include:
Rennets (animal and vegetable)
Calcium chloride, saltpetre
Plastic emultion
Citric acid, Lipase enzyme
Annatto, thermometers
Stabilisers and starches for the Yoghurt industry
All stabilisers and emulsifiers
for the Ice-cream industry
Disposable Cheese cloths
Titration kits

OUR YOGHURT PRESERVATIVE (NATAMAX) IS THE CHEAPEST PRICE IN THE COUNTRY

CONTACT US:
Retha Carelsen: 082-873-8945
E-mail: rethadairycheret@telkomsa.net
Cherylynn van Wyk: 082-337-2490
E-mail: cherrydairycheret@telkomsa.net
Tel: 012-661-2822/23
Fax: 012-661-0044